



Mind Moves® help blinde dogtertjie om die lewe met selfvertroue aan te pak

Rika Terblanche

Carien*, 'n blinde dogtertjie, het my paadjie gekruis na haar wettige aanneming.

Haar aanneem-Mamma het my gekontak en nadat ons haar toestand deurdink het, het ek dadelik met Carien begin werk. Ons het by die begin begin, deur die Mind Moves Refleksassesering te doen.

Ek en Carien het 'n kwartaal gehad vir voorbereiding vir haar om deur Worcester Skool vir Blindes opgeneem te word. Ons het die wêreld warm ge-Mind Moves om haar fisies en emosioneel te help ontwikkel om gereed te wees vir die oorplasing.

Alles het mooi gewerk, maar die oorplasing na Worcester was nie so suksesvol soos ons gehoop het nie. Carien het heelyd na Tannie Rika gesoek en gevra en die aanpassing het oor die algemeen en ook by terapeute, met groot krokodiltrane en baklei gepaard gegaan.

Die uiteinde Carien is terug, en ons het weer begin werk.

Ek sluit fotos van die eerste assesserings in:



Hierdie foto wys duidelik die fetusposisie wat Carien ingeneem het toe ek haar in die sagte lap probeer toerol het.



Die oortjies wat sy toedruk sodra die radio aangeskakel is, wys op die aktiewe Mororefleks



As sy gesit het, kon mens in die hang-lê posisie die swak spiertonus sien.

Ons het die volgende Mind Moves sonder ophou op daaglikse basis gedoen:

- Mind Moves Massering (buitelyne)
- Antennaversteller
- Helderwakker
- Homelaterale en Bilaterale oefeninge op die vloer.

Speletjies wat ons gespeel het:

- Rol oor die bal tot sy op haar handjies kon druk en dan weer terugstoot totdat die voetjies die grond raak. (Sy sukkel nog met push-ups, maar dit word beter elke week).
- Speel baie met die handjies in rys - ons soek voorwerpe uit.
- Speel in die rys met haar voete, roer tone en moet voorwerpe met die voete uithaal.
- Ons was die bene ook met rys, meliemeel, maizena, borseltjies en skuimseep.

Carien vorder baie, baie goed. Sy loop vir al hoe langer ente alleen, hoewel sy soms nog hoog trap en die 'aarde soek'. Sodra ons dit merk, anker ons haar maar weer, en haar loop is dan dadelik beter.

Sy is lief vir musiek en vra elke keer ek moet die radio harder sit. Sy sing luid saam en ken die woorde, wat ek nie eers ken nie! Sy gee drukkies, swem en spring self in die swembad in, begin met braille, ken versies en het die wêreld se selfvertroue.



Carien het intussen nuwe oogies gekry, lees braille en neem musieklesse by die Blinde Skool in Silo, Limpopo. En is sommer propvol selfvertroue

Mind Moves werk vir Carien, en die sukses is selfs vir die Sielkundiges en Maatskaplike werkers oorweldigend ... maar Carien geniet die lewe, en leef hom voluit.



[Rika Terblanche](#)

Gevorderde Mind Moves Instruksenteur
Polokwane

*Skuilnaam